

**Sing vooraf:** Psalm 15:4 (p. 57)

- 4 Dié wat hom van die manne keer / wat God en sy bevel nie vrees nie;  
maar die godvrugtiges wil eer, / en in sy eed nie valslik sweer, / of aan sy woord ontrou wil wees nie.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.  
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die  
kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

Lofpsalm 89:1, 14 (p. 444)

- 1 Van goedertierenheid sal ek vir ewig sing, / en aan u trou, o HEER, altyd my hulde bring;  
want soos 'n tempel wat op vaste grond verrys het, / so rys die eewige guns wat U aan ons bewys het;  
en soos die hemelboog nooit uit sy stand sal wyk nie / so seker sal u trou nooit wankel of beswyk nie.
- 14 'k Het by my heiligheid aan Dawid trou gesweer, / beloftewoord wat Ek bevestig altyd weer;  
sy nageslag en troon sal voor My wees onendig, / net soos die son se lig so glansryk en bestendig;  
net soos die maan so vas. En bo die hemelboë / staan die Getuie, in getrouheid onbewoë.

Gebed

- **Doksologie:**
- **Aanbidding:**
- **Skuldbelydenis:**
- **Vergifnis:**
- **Dank:**
- **Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:**
- **Algemene bede:**
- **Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:**

**Amen.**

Psalm 95:6 (p. 478)

- 6 Ek het verdriet van hul gehad / wat aldeur weg wou van my pad, / en deur 'n dwaalsiek hart verlei is.  
Daarom het Ek in toorn gesweer: / Dié rusplek erf hul nimmermeer / wat vir 'n trouer volk berei is.

Skriflesing: Hebreërs 6

Teks: Hebreërs 6:17,18; Kategismus Sondag 37

**Daarom het God, omdat Hy nog kragtiger aan die erfgename van die belofte die onveranderlikheid van sy raad wou toon, dit met 'n eed gewaarborg; sodat ons deur twee onveranderlike dinge, waarin dit onmoontlik is dat God sou lieg, kragtige bemoediging kan hê, ons wat ontvlug het, om vas te hou aan die hoop wat voorlê;**  
(Hebreërs 6:17-18 AFR1953)

Daar was in die tyd van die Nuwe Testament feitlik geen nasie waar daar nie Jode onder hulle gewoon het nie!

- Hulle is veral deur oorloë so onder die volke in verstrooi.
- Die baie merkwaardige ding is dat hierdie Jode en hulle nasate aan hulle godsdiens vasgehou het en dit nie maklik verloor het nie.

Baie van die Jode het tot bekering gekom en Christene geword. Die Hebreërbrief word geskryf aan Christene uit die Jodedom. Waarom?

- Omdat hulle so vasgehou het aan hulle Joodse tradisies – selfs nadat hulle tot bekering gekom het – dat hulle Moses bo die Here Jesus gestel het!

- Die gevolg daarvan was dat hulle heeltemal in hulle geloof sou veragter as hulle nie reggehelp sou word nie!

Hulle moes geleer word hoe die Ou Testament en sy gebruike deur die Here Jesus vervul is – en daarom verander het.

- Maar dan was daar weer die gevaar na die ander kant toe dat hulle alles oorboord kon gooi – en dis ook verkeerd!
- Daarom behandel die brief in die gedeelte sekere dinge wat gebly het! Dit mag hulle nie verander nie!

Een van die gebooie wat van die uittog af gebly het, word in hierdie brief aangesny. Dis 'n gebod wat oor eedswering handel.

**En julle mag nie vals sweer by my Naam en so die Naam van jou God ontheilig nie. Ek is die HERE.** (Levitikus 19:12 AFR1953)

**Jy moet die HERE jou God vrees en Hom dien; en by sy Naam moet jy sweer.** (Deuteronomium 6:13 AFR1953)

Met dié dinge in gedagte, kyk ons weer na Hebreërs 6.

- In vers 1 wys die skrywer daarop dat 'n mens nie by die eerste geloofsbeginsels kan vassteek nie.
- Die probleem kom dan dat sommige mense in hulle godsdienstgroeie verkeerd ontwikkel!

- Vers 4-6 laat duidelik blyk dat daar klaar lidmate was wat heeltemal dwarsdeur die Christendom beweeg het totdat hulle weer heidene geword het!

**Want dit is onmoontlik om die wat eenmaal verlig geword het en die hemelse gawe gesmaak en die Heilige Gees deelagtig geword het, en die goeie woord van God gesmaak het en die kragte van die toekomstige wêreld, en afvallig geword het — om dié weer tot bekering te vernuwe, omdat hulle ten opsigte van hulleself die Seun van God weer kruisig en openlik tot skande maak.** (Hebreërs 6:4-6 AFR1953)

- Hierdie mense is nou vir die Here soos dorings en distels wat op die land die graan doodgroeie.

**Maar as dit dorings en distels oplewer, deug dit nie en is naby die vervloeking — die einde daarvan is verbranding.** (Hebreërs 6:8 AFR1953)

Hoe ernstig is die Here met hierdie ding dat mense wat hulle geloof prysgegee het, nie weer gered kan word nie en dat Hy hulle soos dorings gaan verbrand? *So ernstig dat Hy daarvoor 'n eed gesweer het!*

Om 'n eed te sweer is vir die Here geweldig heilig en ook ontsettend belangrik! Dit bring ons by die praktiese saak van eedswering. Wat is ons houding teenoor eedswering?

Ons gee aandag aan die volgende aspekte:

1. **Eedswering is nodig as gevolg van die sonde.**
2. **Ons mag 'n eed sweer wanneer dit dringend en noodsaaklik is ter wille van die waarheid.**
3. **Dit moet gedoen word ter wille van die eer van die Here.**

## 1. Eedswering is nodig as gevolg van die sonde.

As daar geen sonde op die aarde was nie, was dit ook nie nodig om te sweer ('n eed af te lê) nie.

- Die waarheid sou oral geheers het.
- Alle mense sou eerlik gewees het en alles gedoen het wat by die Here reg is.

Die waarheid is egter dat ons van die sondeval af meestal nie naby die Here lewe nie.

- Alle mense se lewens is deurdrenk van sonde – en daarmee saam deurdrenk van leuens.

Maar as gevolg van die Here se goedheid en genade oor ons is daar nog plek vir die waarheid in ons lewe!

Omdat die waarheid en die leuen in ons aardse lewens egter so diep vervleg is met mekaar, gee die Here ons metodes om te kan ontrafel wat duiwels is en wat wel voor God kan bly staan.

Wat laat die duiwel mense doen?

- Hy laat mense lieg – onbeskaamd.
- Soms lieg hulle nie direk nie, maar hulle gee skewe voorstellings van dinge – terwyl hulle weet dat hulle berekend die waarheid verbuig.
- Hy laat mense vreesloos die waarheid verswyg wanneer dit geopenbaar moet word.

Daarom gee die Here ons die reg dat ons in ernstige gevalle – soos wat die dinge in Hebreërs 6 ernstig is! – die reg om die waarheid deur middel van eedswering af te dwing.

Wat is die beginsel?

- Die beginsel is dat eedswering die mens terugbring tot direk voor God self!
- *As hy onder eed is en hy lieg, gaan God hom soos die dorings en die distels verbrand – want dan het hy van God 'n leuenagtige getuie gemaak.*

Daarom kan ons nie sommer in geselskap sweer nie. Die eed word deur God ingestel slegs vir sake wat sy eer tot die ewige lewe en die ewige dood geld.

## 2. Ons mag 'n eed sweer wanneer dit dringend en noodsaaklik is ter wille van die waarheid.

Die openbaring van die Here is juis die openbaring van waarhede wat vir ons verberg is, maar wat ons moet weet om Hom tot in ewigheid te kan ken en dien.

As ons onder eed is, word ons simbolies direk voor die Here se oë gestel.

- Die getuie word gedwing om in God se Naam die waarheid te bely.
- Net iemand wat totaal die gesindheid van die hel in hom het, sal wanneer hy onder eed staan die Here se heilige Naam misbruik en in diens van die satan stel!

Die eed word dus gebruik om die leuen terug te rem en tot niet te maak. *Is dit nodig?*

- Ja, verseker, want die Here leer ons dat Hy in 'n ryk woon en bestaan waar daar ewige en ontoeganklike lig is.
  - Daardie lig is natuurlik net tydens hierdie sondige bestaanstyd van ons ontoeganklik.
- Teenoor hierdie liggende God en sy koninkryk staan daar 'n swart en donker koninkryk onder die heerskappy van die satan.

Die eed is bedoel om God se lig deur hierdie donker van die leuenkoninkryk te laat skyn – sodat die lig van God se waarheid alles kan verhelder.

- Prakties: Die lig van die waarheid wat deur God gedra word, moet in die kerk en in die hof – en op letterlik elke plek in ons lewens skyn.
- Ons mag dus eedswering as so 'n middel aangryp en gebruik – maar vir niks anders as net dit nie.

Die eed wat ons mag en moet sweer, staan direk en duidelik teenoor dinge soos ontrou, bedrog, slordigheid en valsheid.

Die eed het natuurlik 'n baie sterk verbintenis met die gebed.

- In die gebed vra ons tog vir die
  - vervulling en bevestiging van die waarheid;
  - bevestiging van seën; en
  - die straf op alle leuens.
- Die eed is die bevestiger van God se waarheid – daarom gaan gebed en eedswering onlosmaakbaar saam.

### **3. Dit moet gedoen word ter wille van die eer van die Here.**

Alles wat ons doen en waarvoor ons bestaan, is gerig op die eer en verheerliking van die Drie-Enige God.

- Ons is geskape om sy Naam te roem en te aanbid.
- Nadat ons in sonde geval het, wou en het God ons verlos – en dit het hy met 'n eed wat Hy gesweer het, bevestig.

**Daarom het God, omdat Hy nog kragtiger aan die erfgename van die belofte die onveranderlikheid van sy raad wou toon, dit met 'n eed gewaarborg; sodat ons deur twee onveranderlike dinge, waarin dit onmoontlik is dat God sou lieg, kragtige bemoediging kan hê, ons wat ontvlug het, om vas te hou aan die hoop wat voorlê; (Hebreërs 6:17-18 AFR1953)**

Ons het dus by God twee dinge gekry:

- Die eerste is die hoop op verlossing – dit gebeur vir die almal wat sy Naam roem en eer en aanbid.
- Die tweede is die eed wat Hy self sweer as die bevestiging dat hierdie verlossing waarop ons hoop, waar is.

Die eer van die Here kom juis daarin uit dat ons in sy waarheid lewe – maar ook, wanneer dit noodsaaklik is, by daardie heilige Naam sweer. Onthou hierby die volgende uitsprake in die Bybel:

**Jy moet die HERE jou God vrees en Hom dien; en by sy Naam moet jy sweer.**  
(Deuteronomium 6:13 AFR1953)

**Ek sweer by Myself; geregtigheid gaan uit my mond, 'n woord wat nie herroep word nie: dat voor My elke knie sal neerbuig, by My elke tong sal sweer.**  
(Jesaja 45:23 AFR1953)

**... sodat hy wat homself seën in die land, hom sal seën by die God van waarheid; en hy wat sweer in die land, sal sweer by die God van waarheid, omdat die vorige benoudhede vergeet is en verborge vir my oë. (Jesaja 65:16 AFR1953)**

Ons het natuurlik 'n voorbeeld van iemand (Saul) wat vals gesweer het in die Naam van die Here – en ons weet almal wat van hom geword het!

**En Saul het na Jónatan geluister, en Saul het gesweer: So waar as die HERE leef, hy sal nie gedood word nie!** (1 Samuel 19:6 AFR1953)

Ons Here Jesus het juis versoening vir ons gedoen sodat ons deur bekering en wedergeboorte liefhebbers van die waarheid kan wees.

- Hy het ons mense gemaak wat die saligheid ken – en ook in ons lewens na vore moet bring.
- Daarom moet ons lewens onder die leiding van sy Heilige Gees so heilig en regverdig wees dat ons nie hoef te sweer nie.

Maar wanneer dit in sekere omstandighede van ons vereis word, moet ons by die Naam van die Here sweer.

- Dan moet ons soos die Here Jesus voluit voor God en wie nog daarby betrokke is, getuig vir die waarheid en die waarheid alleen.

Kom ons lees saam wat ons oor die neem van 'n eed bely in die Heidelbergse Kategismus Sondag 37:

**Vraag 101: Mag 'n mens ook godvresend by die Naam van God 'n eed sweer?**

**Antwoord:** Ja, as die owerheid dit van sy onderdane eis of as die nood dit vereis om daardeur trou en waarheid te bevestig. Dit moet dan tot eer van God en tot heil van ons naaste gedoen word. Sodanige eedswering is op die Woord van God gegrond (a), en die gelowiges in die Ou en Nuwe Verbond het dit reg gebruik (b).

(a) Deut 6:13; 10:20; Jes 48:1; Heb 6:16. (b) Gen 21:24; 31:53; Jos 9:15; 1 Sam 24:23; 2 Sam 3:35; 1 Kon 1:29; Rom 1:9; 9:1; 2 Kor 1:23.

**Vraag 102: Mag 'n mens ook by die heiliges of by ander skepsels sweer?**

**Antwoord:** Nee, want om 'n regte eed te sweer, beteken dat ek God aanroep as die enigste kenner van die hart om vir die waarheid getuie te gee en my te straf as ek vals sweer (a). Hierdie eer kom geen skepsel toe nie (b).

(a) 2 Kor 1:23; Rom 9:1. (b) Matt 5:34-36; Jak 5:12.

**Amen.**

Slotgebed

Slotpsalm 89:2 (p. 444)

- 2 Ek het my trouverbond, so het die HEER gespreek, / met Dawid opgerig, en sal dit nooit verbreek.  
Uit vrye guns sal dit My nimmermeer berou nie, / niks die vervulling van my eed aan hom weerhou nie:  
Jou nageslag, o vors, bevestig Ek vir ewig, / jou rykstroon bou Ek op, van kind tot kind gestewig.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

**Amen.**

Dr MJ du Plessis  
Gereformeerde Kerk Bellville  
Datum: 10 Augustus 2008  
Hulpdienspredikant Clanwilliam  
Datum: 18 November 2012

**Opsomming:** Die eer van die Here kom juis daarin uit dat ons in sy waarheid lewe – maar ook wanneer dit noodsaaklik is, by daardie heilige Naam sweer.